## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 OKTOBER 2019 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. A Small | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **RVN001/10/2019**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br><br>Die Voorsitter begin die Raadsvergadering met 'n seremoniële verwelkoming deur die sing van die Volkslied ter ondersteuning van die Springbokke se Rugby Wêreldbeker 2019 eindstryd teen Engeland op Saterdag 02 November 2019, waarna Raadslid Adams die openingsgebed doen.<br><br>*** | |
| **RVN002/10/2019**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br><br>Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) – knie-vervangingsoperasie<br><br>*** | |
| **RVN003/10/2019**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br><br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **RVN004/10/2019**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 25 SEPTEMBER 2019</u>**<br>**3/3/2/2**<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Woensdag 25 September 2019 bekragtig word.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| **RVN005/10/2019**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 25 SEPTEMBER 2019</u>**<br>**3/3/2/2**<br><br>Die Munisipale Bestuurder hou die implementeringsverslag voor aan die Raad en meld dat alle besluite in die praktyk en op die stelsel afgehandel is.<br><br>Die Voorsitter bedank die administrasie vir die verslag.<br><br>**KENNIS GENEEM**<br><br>*** | |

**RVN006/10/2019**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/10/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

A. Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF

- Dat Mnr. J Sass sy 50ste verjaarsdag op Maandag 28 Oktober 2019 gevier het;
- Dat Raadsdame Crafford sal verjaar op Saterdag 09 November 2019;
- Dat Raadslid Adams sal verjaar op Donderdag 21 November 2019;
- Dat Mev. A van Sittert sal verjaar op Donderdag 28 November 2019.

LEED

- Dat Raadslede Wessels, Daniels en Du Plooy afsonderlik 'n geliefde aan die dood afgestaan het; en
- Dat Mnr. Josephus en Mnr. Willemse afsonderlik ook 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

Die Voorsitter versoek 'n oomblik van stilte (staande) in eerbetoning aan die oorledenes.

**KENNIS GENEEM**

B. Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:

Die Uitvoerende Burgemeester gee kortliks terugvoering oor die protesoptogte wat plaasgevind het in Velddrif gedurende Oktober 2019.

**KENNIS GENEEM**

C. Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Die Munisipale Bestuurder lig die Raad in dat uitruil-kollegas van Heist-op-den-Berg, Bergrivier Munisipaliteit sal besoek en dat projekplanne opgestel word vir die gemeenskapsprojekte, soos gefinansier deur Heist-op-den-Berg.

Sy wens die Kantoorpersoneel van die Uitvoerende Burgemeester sterkte toe met die Staptog: "So you think you can walk" en die Burgemeesters gholfdag wat onderskeidelik op Donderdag 31 Oktober 2019 en Vrydag 01 November 2019 in Velddrif sal eindig/plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/10/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/10/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/10/2019**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 3444 PIKETBERG**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat punt in 1.4 soos vervat in Raadsbesluit RVN036/07/2019 van 30 Julie 2019 se bewoording gewysig word en soos volg lees:

1.4 Dat die waardasie as **verkoopsprys** gebruik word;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN011/10/2019**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY – TARIFFS**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That we acknowledge that there are ambiguities in the by-law that need addressing;
2. That it be addressed during the first semester of 2020 (after a full summer season) before the 1st July 2020; and
3. That for this financial year we suffice with the interpretation that section 4.(1) of the by-law applies and that jet skis **are included** in section 4.(1) of the by-law, while sailing board, kite board, a rowing boat up to seven (7) metres, canoe and paddle skis **are excluded**.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN012/10/2019**
**VERVREEMDING VAN DIE OU KLINIEK EN VIER WOONHUISE OP ERF 1339, PIKETBERG VANAF WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT NA BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**7/2/1; PB.1339**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat eienaarskap van Erf 1339, Piketberg by Weskus Distriksmunisipaliteit deur Bergrivier Munisipaliteit oorgeneem word, op voorwaarde dat **Weskus Distriksmunisipaliteit** verantwoordelik is vir alle oordragprosesse asook kostes verbonde aan die oordrag. Dat, indien die voorwaarde problematies blyk te wees die Direkteur Korporatiewe Dienste gemagtig word om hieroor te onderhandel met die Weskus Distriksmunisipaliteit;

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

2. Dat die huurinkomste verkry uit die strukture op Erf 1339, Piketberg vanaf datum van registrasie deur die huurders aan Bergrivier Munisipaliteit betaalbaar sal wees en dat **Direktoraat Finansiële Dienste** rekenings dienooreenkomstig sal uitstuur;

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Korporatiewe Dienste** (Departement Beplanning en Omgewingsbestuur) Erf 1339, Piketberg onderverdeel en hersoneer om voorsiening te maak vir afsonderlike Enkel Residensiële Sone 2 erwe asook Straat;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

4. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Tegniese Dienste** begroot en toesien dat die straat, wat tydens onderverdeling geskep word, gebou word asook dat die afsonderlike erwe toegang tot dienste verkry; en

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

5. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Gemeenskapsdienste** (Menslike Nedersettings), na onderverdeling, eienaarskap van die huise aan begunstigdes hanteer ooreenkomstig die mees toepaslike wyse en binne wetgewende voorskrifte.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN013/10/2019**
**VERSOEK OM MUNISIPALE NYWERHEIDSGROND IN PIKETBERG**
**PB. 3729**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat Erf 3729 Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;

2. Dat die eiendom per tender vervreem word teen 'n insetprys van R200 000.00 (munisipale waardasie + opmeet koste);

3. Dat slegs diensverskaffers, inwoners of verbruikers wat binne die munisipale gebied van Bergrivier woon, genooi word om te tender en dit geadverteer word vir 30 dae;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

4. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;

5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir aansluitings tot munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van hierdie munisipaliteit se Tegniese direktoraat;

6. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne en dat die koste vir die uitwys van erfpenne deel vorm van die insetprys;

7. Dat die Begrotingsloodskomitee aanbeveel waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word, volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit; en

8. Dat die Raad van mening is dat plaaslike besigheid voorkeur kry en dit so in spesifikasies aangedui word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN014/10/2019**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTES VAN ERF 1101 PIKETBERG (WATSONIA SPORTGROND)</u>**
**PB.1101**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die huurbedrag, soos bepaal in Raadsbesluit No. RVN031/05/2018 van 29 Mei 2018, **verminder** na R3000.00 per maand (plus jaarlikse eskalasie van CPI).

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN015/10/2019**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2384 PORTERVILLE</u>**
**7/2/1; PTV. 2384**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad nie Restant Erf 2384, Porterville vir munisipale dienslewering benodig nie;

2. Dat die Raad se voorneme om Restant Erf 2384, Porterville (15m² groot) te vervreem/verkoop teen R1000.00, sodat dit gekonsolideer kan word met Erf 1873 en 1934 Porterville, vir 14dae geadverteer word vir publieke kommentaar, en indien geen beswaar ontvang word nie daar voortgegaan kan word met punt nommer 3 en 4;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

3. Dat die koopprys betaalbaar aan die munisipaliteit deur die aangrensende eienaars, soos volg verdeel word:

   3.1 Restant Erf 2384 aangrensend tot Erf 1873, Porterville teen R833.30,

   3.2 Oorblywende Restant aangrensend tot Erf 1934, Porterville teen R166.70; en

4. Dat die konsolidasie en enige kostes voortspruitend uit die grondversoek vir die onderskeie grondeienaars sal wees.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN016/10/2019**
**<u>EXEMPTION REQUESTS FOR THE BERGRIVIER MUNICIPALITY BY-LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY</u>**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council **approve** the application from Department: Environmental, Forestry and Fisheries, under the following conditions:

(i). That Exemption is for the use of the small research vessel, registered with SAMSA. Registration or official number: DTC 7036 B **(Annexure C);**

(ii). That Exemption granted to access the Estuary at the designated scheduled time intervals only, for surveying and research purposes. Exemption is granted for a period of six months, as stated in section 17(2) within the Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary, thereafter the applicant must re-apply for exemption;

(iii).That Exemption is for the purpose of environmental enhancement and quality checks of the water quality of the Berg River Estuary, as such research is encouraged and supported from an environmental view point; and

(iv).That Skipper's ticket and applicable SAMSA documentation will still be applicable and the operator must still adhere to the rules and regulations as stipulated in the Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN017/10/2019**
**<u>2019/20 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2019 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**15/1/5/5**
***(The report was tabled at the meeting as distributed electronically)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2019) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report, which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN018/10/2019**
**<u>AANSTELLING VAN NUWE LID: PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE: D MILLER</u>**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die oorsigfout wat begaan is, tydens die evaluering van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;

2. Dat Me Roos tans op vier Ouditkomitees dien en dus nie aan die vereistes van die vakature voldoen nie; en

3. Dat Mnr. Denver Miller voorgestel word om as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word met ingang vanaf Vrydag 1 November 2019 vir 'n periode van drie (3) jaar.

***MUNISIPALE BESTUURDER (29/10/2019)***

***

**RVN019/10/2019**
**<u>MAANDVERSLAG: PMU & BUILDING CONTROL: SEPTEMBER 2019</u>**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council notes the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES (acting)***

***

**RVN020/10/2019**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2019**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderman Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for August 2019.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (acting)***

***

**RVN021/10/2019**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT REPORT: AUGUST 2019**

The Portfolio Chairperson, Alderman Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

The Executive Mayor notes the report on the implementation of the Supply Chain Management Policy, and that should the contents of the report be acceptable, they be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (acting)***

***

**RVN022/10/2019**
**BEPALING VAN VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEITSVERKOOPSPUNTE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad kennis neem van die bepaling van die hoeveelheid voorafbetaalde elektrisiteitsverkoopspunte; en

2. Dat die Finansiële Dienste Komiteelede voorstelle indien/voorlê met betrekking tot die plasing van elektrisiteitsverkoopspunte by die volgende Finansiële Dienste Komitee vergadering op Woensdag 06 November 2019.

***DIREKTEUR FINANSIÊLE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN023/10/2019**
**KENNISNAME VAN ITEMS IN DIE BATEREGISTER WAT PER OPENBARE VEILING TE VERKOOP WAS**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem dat die bates uitgedien is in Aanhangsel "A" van die verslag en nie meer benodig word vir munisipale dienslewering nie; en
2. Dat aansoek gedoen word vir goedkeuring by Nasionale Tesourie om hierdie bates aan sosiale en nie-winsgewende organisasies in Bergrivier Munisipale gebied te skenk vir ekonomiese ontwikkelingsdoeleindes.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN024/10/2019**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 27 AUGUSTUS 2019**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 27 Augustus 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN025/10/2019**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 12 SEPTEMBER 2019**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 12 September 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN026/10/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Voorsitter meld dat die nuwe wyksplanne teen Woensdag 06 November 2019 aan die komitees voorgelê sal word wat deur die Wyksraadslede afgeteken is.

Hy versoek verder dat vakatures op die Wykskomitees so spoedig moontlik gevul word en dat aandag geskenk word aan die kwaliteit van Wykskomitee notules, sodat besluite betyds en prakties, waar nodig, uitgevoer kan word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE (06/11/2019)***

***

**RVN027/10/2019**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN028/10/2019**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:10***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ______________________ | ______________________ |
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***